

Saterdag 23 Mei

Skrifgedeelte: Markus 15:21-32

Fokusgedeelte: Markus 15:26, 30, 32

“Die Koning van die Jode” is waarlik ons Koning!

Jesus is die Lam wat geslag gaan word om elkeen wat in Hom glo, te red. Vier soldate neem Jesus na Kopbeenplek, net buite die stadsmuur op 'n heuwel. Al die mense sien wat gebeur vanaf die hoofweg. Jesus is self so gemartel dat Hy te swak is om sy kruis te dra. Simon van Sirene word opgekommandeer om die kruis te dra. Jesus weier om die verdowingsdrankie te drink vir die pyn (Ps. 69:22 vervul). Hy kies om die “dood van die 1000 dode” te verduur en te sterf.

Presies om 09:00 word Jesus gekruisig. Die rede vir sy vonnis is: *“Die Koning van die Jode!”* Dit staan duidelik op 'n bordjie vasgespyker. Ja, die Koning van die konings en die Here van alle here volvoer sy taak as Seun van God en seun van die mens.

Die rowwe soldate is min gepla. Net slawe en rowwe misdadigers word gekruisig. Dis normaal vir hulle. Hulle gooi dobbelsteentjies oor Jesus se klere! (Ps. 22:19 vervul). Onaangeraak! Die verbygangers speel saam met die spottery: *“Red jousef en kom van die kruis af!”* Die kerkleiers sê spottend vir mekaar: *“Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!”* Sarkasties, want hulle wou nie die evangelie glo nie en hulle sal ook nie.

Is ons nie dalk ook al so gewoon aan die evangelie dat dit ons minder aanspreek nie? Is jy onaangeraak in die erediens omdat die prediker nie preek soos wat jy dit wil hoor nie? Ek en jy kan onself van niks red nie. Geen geld kan ons loskoop nie. Geen spot kan ons vrywaar nie. Jesus is die Christus wat gekom het, met spotgesanik vasgespyker is en net met sy Goddelike krag die menslike pyn kon verduur.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)